# DARE TO BELIEVE

**Week 4: Gaan jy bly glo al beleef jy teenstand (*en wil die koning jou doodmaak)*?**

Ons is besig met 'n reeks om na die **storie van Dawid** te kyk – *the story of how an ordinary boy were used by an extra-ordinary God*. En daaruit probeer leer:

Dawid word uitgedaag om te bly glo al gee niemand hom 'n kans nie,
al moes hy alleen teen 'n reus baklei,
al wou die koning hom doodmaak en hy moes vlug vir sy lewe
en al verloor hy amper al sy geloofwaardigheid met 'n ander man se vrou
en ervaar hy die hartseer en pyn as sy opstandige seun sterf...

Begin die selgroep eers met iemand wat **Psalm 32 as gebed** lees. *Laat almal eers stil word en afskakel, gee so 'n minuut of wat daarvoor en lees dan die Psalm.*

## Connect met mekaar:

Richard Rohr se dat die doel van die Skrif is, ***"the transformation of the souls."*** Ons lees die Bybel en verhale in die Bybel en ons moet die heeltyd vra: wat beteken dit en **wat beteken dit vir my vandag in my situasie**? Voor watter keuses staan ek vandag en hoe gaan dit wat ek hier lees my vorm en my help op my journey?

Gesels vir 'n paar minute oor die vraag: **Wat het jy tot hier toe uit die storie van Dawid geleer?** *Gee vir elkeen kans om net iets te deel wat hulle geraak het, of oor die Bybelstudies van week 1 en 2 of uit die Psalms wat hulle gelees het.*

## Luister na Woord: Lees 2 Samuel 11:1-15, 12:1-13 - *die hartseer verhaal van Dawid en Batseba, hoe Dawid toegee aan die versoeking om owerspel te pleeg met Batseba, uiteindelik haar man laat vermoor en hoe die hartseer gevloge daarvan op sy lewe*

Die vraag bly dieselfde: **Wat as daar 'n dare/challenge/uitdaging is wat jou lewe permanent kan verander?**

- **'n Baie moeilike vraag is: As iemand soos heilige Dawid swig voor versoekings en val, watter kans het ons?**

    Gesels oor alles wat Dawid tot op hierdie punt in sy lewe reggekry het – laat elkeen een situasie noem.

- **Hoekom swig Dawid voor die versoeking?**

- Ons kan nie help as versoekings op ons pad kom nie, maar ons het 'n keuse wat ons daarmee gaan maak. Hoe kon Dawid **weggeloop/weggevlug** het van die versoeking?

  Watter analogie kan ons trek met "Who wants to be a millionaire" se hulplyne?

  Wat werk vir jou die beste as versoekings voor jou staan?

- 'n Tweede moontlike rede was moontlik die feit dat **Dawid nie gaan veg het nie**. Hy het by die paleis gebly *and he let his guard down.*

  Hoekom is ledigheid so gevaarlik?

  In watter stryd/battle is ons elke dag en hoe kan ons keer dat ons *"let our guards down."*

- **Dawid vergeet God is goed – 2 Sam 12:7-8**. Hoekom is dit so belangrik om te onthou dat God goed is en sorg en ons sal beskerm?

❖ **Sonde het ernstige gevolge**. Dit vernietig verhoudings. Wat is die beste manier om te gaan regmaak? **Lees 2 Samuel 12:13**

**Luister na Woord: Lees Psalm 51** (Dawid het na alle waarskynlikheid hierdie Psalm geskryf nadat Nathan hom kom aankla het oor sy sonde met Batseba)

Kyk weer na **verse 13-14**. Waarom was dit Dawid se grootste vrees? (*Dink veral aan wat met Saul gebeur het... 1 Sam 15:23, 35; 1 Sam 16:14; 1 Sam 18:12)*

**Die belangrike korreksie** hierop is **2 Samuel 12:13** – Lees dit 2 x hardop

*"Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here."*

In **Psalm 32** vertel Dawid wat gebeur as jy nie wil repent nie en watter impak kan dit op jou hê as jy jou skuld bely. Lees die Psalm hardop. Gee vir elkeen dan tyd om die Psalm op hulle eie weer in stilte deur te lees en **gee kans vir skuldbelydenis en gebed**.

Hier is **7 Psalms** van Dawid **wat jy deur die loop van die week kan lees en bid.**

Vir hierdie week: Psalm 32, Psalm 40, Psalm 65, Psalm 86
Psalm 103, Psalm 51, Psalm 139